ISSN 1015-8757

JAARGANG 14 VOLUME
NOMMER 1 NUMBER
Junie • June
1994

DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
THE UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE

IN DEO SAPIENTIAE LUX

INHOUD ● CONTENTS


| | | |
|---|---|---|
| Isihamfu. 'n Lewensskets van Prof JH Smit. | *R.M. Britz* | 1 |
| Geen ander naam. ( Handelinge 4:12 as onmisbare deel van God se goeie nuus vir die wêreld ). | *J. du Preez* | 8 |
| Verstedeliking: Riglyne vir 'n kerklike bediening. | *B. du T Jackson* | 22 |
| Die missionêre uitdaging van die arbeidslewe. | *J.J. Kritzinger* | 35 |
| Samewerking met sendinggenootskappe: 'n Perspektief vanuit die Ned Geref Kerk. | *P.G.J. Meiring* | 48 |
| Siekte en geneeskundige dienste teen die agtergrond van die tradisionele Afrika lewens- en wêreldbeskouing. | *C.M. Pauw* | 58 |
| Verlossing as sosio-politieke bevryding? | *P. Robinson* | 75 |
| "Bewaar u kerk en laat dit groei" - 'n Waarderende blik oor die sendingwetenskaplike bydrae van Prof JH Smit. | *G. van der Watt* | 90 |
| Die verhouding van die Godsdiente tot mekaar. Hoër konsensus, Godsdiensekumene en dialoog van nader bekyk. | *P. Verster* | 105 |
| Boekresensies | | 119 |


# acta THEOLOGICA

JAARGANG 14 VOLUME
NOMMER 1 NUMBER
JUNIE ● JUNE
1994

IN DEO SAPIENTIAE LUX

# ISIḤAMFU. 'N LEWENSSKETS VAN PROF JH SMIT

R.M. Britz[1]

Isiḥamfu. Een wat diep dink, of iemand van wie diep gedagtes kom. Dit was die naam wat die Zoeloemense vir Jacobus Hendrik Smit gekies het. As die middelste van drie kinders was hy vir Jurie Wynand Smit en Dorothea Magdalena Getruida (neé Combrinck) die enigste seun. In 'n sooihuisie op die plaas Hartebeesfontein in die distrik van Dundee is hy op 12 Julie 1932 gebore. Nog in dieselfde jaar word hy in die Ned Geref Kerk Dundee gedoop. Daarin het die plaaslike leraar ds MW Odendaal voorgegaan.

Maar, dit was op die plaas Goedekeus, wat in 1937 sy Pa se eiendom geword het, dat hy as seun opgegroei het. Hy het dit met die Zoeloemense gedeel en in hulle taal grootgeword. Hulle het die veld, en die veld se lewe vir hom oopgemaak. In hulle omgang met mekaar en met hulle kinders, het die egte ménslikheid van 'n ongekunstelde lewensetiek blywend op hom 'n indruk gemaak. By die raadsvergaderinge van die werksmense met sy Pa, kon hy die fynheid van menseverhoudinge by hulle leer. En, watter sinvolle balans hulle agting vir menswaardigheid daarin gebring het. Sy Pa het hom geleer om dienooreenkomstig swart mense met respek te behandel. Oor hierdie grens is hy nie toegelaat om te kom nie. 'n Paar keer is hy behoorlik gehelp om dit te eerbiedig.

Met die jaarlikse jag langs die Pongolarivier, het Matambo vir hom spoorgesny. By hom het Koos geleer dat die jag 'n kuns is. Matambo kon met gesag praat oor die diere en hul gewoontes. Nooit het hy na 'n dier met die vinger gewys nie. Dit is 'n belediging van sy waardigheid. 'n Dier is aangewys met die geslote hand. Hy is nie net 'n voorwerp of 'n ding nie. Matambo het baie aande met die houtjies wat hy op die vuur gesit het, verder gesny as die spoor van bokke - tot by die sin van die lewe. Dit het 'n onuitwisbare indruk gemaak.

Op Goedekeus het Koos die boerdery leerken. Tot op sewe jaar het hy in 'n plaasskooltjie kennis gemaak met die wêreld van geleerdheid. Sy pa en

1 Prof. R.M. Britz, Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, UOVS, Posbus 339 Bloemfontein 9300.

die bure het vir hierdie doel 'n goewernante gehuur. Hierna het hy op Dundee skoolgegaan. En, deel geword van die gemeente. Daaraan het sy ouers hom gehou. Sy pa was ouderling en lid van die sendingkommissie. Dikwels het hy uit die Woord van die lewe vir die werksmense in die waenhuis op die plaas voorgegaan. Met huisbesoek is hulle bymekaargemaak om saam te hoor. Met huisgodsdiens as die aand oor die plaas en sy mense gekom het, is saam gebid en gesing.

Op Goedekeus is immers dikwels gebid. Vir Jurie Smit was daar plekke in die natuur waar hy dikwels stilte gehou en alleen gebid het. Die moeder van die huis was 'n teruggetrokke en effe geslote mens. Maar, 'n voorwerker in die Vroue Sendingbond van die gemeente. 'n Navolger van Jesus. Sy was die een wat toe Koos nog baie klein was, met die soek na weglêneste op die werf, met hom gepraat het oor die lewe en dood, en die ewige bestemming. En van die troos wat daar in die Here Jesus is.

Hier, op die plaas het die roeping om in die bediening van die evangelie te staan gekom. Daarin het die predikante van Dundee 'n rol gespeel: ds MW Odendaal, ds JH Lombaard en ds FN van Niekerk. Op 'n keer het die aflospredikant, Eerwaarde HA Roux, Koos se geweer gevat en met hom in die veld gaan stap om oor sy geloofslewe én sy roeping te praat. Van hierdie waardige ou man het hy verneem dat 'n mens se diens aan die Here nie voltooi is as dit nie in 'n omvattende sin wit en swart, oud en jonk, insluit nie. So het die roeping te sterk geword om hom as boerseun na die plaas wat sy pa uit die grond losgeboer het, terug te bring.

Op 15 jarige ouderdom slaag Koos Smit matriek. Die volgende jaar, in 1949, bring sy pa hom weg na Stellenbosch om in die teologie te studeer. In Huis Visser is daar nuwe studentevriende: Mauritz Kloppers, Manie Burger, Jan Minnaar, Theuns Voges, Lukas Theron, om 'n paar te noem. Die BA graadstudie het uitgeloop op Filosofie en Hebreeus. Van die twee het laasgenoemde vooropgegaan. Prof PFD Weiss en dr FC Fensham het 'n liefde vir Hebreeus en die Ou Testament by hom ingeplant.

Aan die begin van 1952 kon hy by die Kweekskool in Dorpstraat aanmeld. Vyf professore het hom in die gereformeerde teologie wegwys gemaak. Die menswees en benadering van prof PA Verhoef het 'n diepe indruk op hom gemaak. Prof FJM Potgieter se duidelike formulering van die dogmatiek en sy innige vroomheid het die ontknoping gebring op die knaende vraag na die waarde en die aard van die belewenis van die godsdiens. Die belewenis van die godsdiens, so het prof Potgieter dit vir hulle





uiteengesit, kan nie geestelike groei waarborg nie. Die geestelike groei moet uit die Skrif kom. By die waardige prof BB Keet het hy aansluiting gevind. Keet se dogmatiekaantekeninge het 'n liefde vir die vak geskep. Vir teologiese student Smit was dit duidelik dat hierdie aantekeninge hoofsaaklik ooreenstem met die bekende handboek oor die gereformeerde dogmatiek uit die pen van Honig. Dan het ED Kraan se *Een Christelijk Confrontatie* ook gehelp om tot teologiese helderheid te kom. Uiteindelik kon hy ook preek. En, Pa en Ma kon hom aanhoor. "Nee boet," onthou Koos nog sy pa se opmerkings, "jou preek is eers klaar as dit by die sending gekom het."

As voorsitter van die KJA het hy in Dave Marais, Piet Wessels, David Fuchs en Eben Celliers nog 'n handvol vriende gevind. Maar, dit was Esmé du Toit, die dogter van 'n elektroniese ingenieur en student in Maatskaplike Werk, wat sy oog in hierdie vereniging gevang het. Sy het aan die einde van 1954 afstudeer om in Upington te gaan werk. Die volgende jaar was sy terug op Stellenbosch om haar vader tot met sy dood aan die einde van daardie jaar te versorg. Vir 1956 het sy werk by die Armsorgraad in Johannesburg bekom. Daarmee was sy egter nie ver van haar toekomstige man nie. Hy is op 23 Februarie 1956 as eerste leraar in die gemeente Klipvallei, naby Meyerton, bevestig. Op 7 Julie van daardie jaar tree hulle in die huwelik.

Aan die einde van 1957 het die beroep na Dingaanstat gekom. Daar het die Teologiese Skool Stofberg beplan om in 1958 met die opleiding van leraars te begin. Met sy goeie dogmatiese kennis en die vermoë om Zoeloe vlot te praat, het hy homself aangewys as die derde dosent naas ds PP Stander en dr PR van Dyk. In Zoeloe het hy Ou Testamentiese Eksegese, Dogmatiek aan die hand van die Heidelbergse Kategismus en Sendingwetenskap doseer. Hiervoor het hy JH Bavinck se indeling gebruik, maar 'n eie inhoud daaraan gegee. In 'n onderlinge Sendingvereniging het die dosente en die sendelinge van Natal, akademies met mekaar op weg gegaan en die moderne ontwikkeling van die sendingteologie bespreek. Met die studente is heelwat veldwerk gedoen, wat ds Smit in aanraking gebring het met die Afrika Onafhanklike Kerke, veral in die Umfolozi vallei. Dit het hom onder die besef van die groot behoefte aan teologiese skoling by hierdie groepe gebring. En, hy wou hulle by opleiding betrek.

In Oktober 1963 het die geleentheid gekom om in Nederland verder te studeer. Aan die Theologische Academie Uitgaande van de Johannes Calvijn Stichting in Kampen het hy 'n doktorale studie program afgehandel. Dogmengeskiedenis en kerkreg het hy by ADR Polman geloop, terwyl H

Bergema en JH Bavinck in Sendingwetenskap, wat die hoofvak was, voorgegaan het. Hy wy sy skripsie aan die beginsel van die selfstandigheid van die kerke wat uit die sending na vore gekom het, met verwysing na die geskiedenis en situasie in Suid-Afrika. In sy teologiese besinning en kritiek op die tradisionele sendingwetenskaplike konsepte van selfonderhouding, selfuitbreiding en selfregering, dui hy aan dat dit nie in die eerste plek deur teologiese oorwegings geskep is nie, maar berus op 'n pragmatiese omgang met die sendingbeweging en -ervaring van die kerk. In sy ekklesiologiese beoordeling was die destydse persklaar manuskrip van H Ridderbos se **Paulus Ontwerp van zijn Theologie** van deurslaggewende belang. Aan die einde van 1964 moes die gesin weer terugkeer - met aangename herinneringe aan vriendskappe met Dionne Crafford, Tjaart van der Walt, Paul du Plessis, JH Robberts, IJ du Plessis en H Dykstra, sowel as aan prof Brillenburg Wurth, wat sy hand oor die Suid-Afrikaanse studente gehou het.

Terug op Dingaanstat het dr Eddie Brown van die Universiteitskollege van Zoeloeland by hom kom aandring om aansoek te doen vir 'n pos in die nuwe departement Bybelkunde. Die uiteinde van hierdie saak was dat die gesin Smit hulle in Empangeni gevestig het. In Januarie 1966 kon die nuwe dosent in Sistematiese Teologie sy leeropdrag aan die hand van Louis Berkhof se **Systematic Theology** en **The Apostles Creed** van Karl Barth aanpak. Daarby is 'n proefskrif oor **Die amp van die Sendingleraar in die Jongkerk** aangepak. Ondertussen het hy, in 1971, senior lektor in Dogmatiek en Etiek aan die nuutgestigte Teologiese Fakulteit geword. In die fakulteit was ou en nuwe vriende sy kollegas: Mauritz Kloppers, Isak du Plessis, Flip van Dyk, Ben Odendaal, Johnny Mostert en Eddie Brown. In 1974 promofeer dr Smit in die Sendingwetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch. En, was oppad om aan die Universiteit van Zoeloeland professor te word.

Dit het hy egter prysgegee om dominee van die Moedergemeente van die Ned Geref Kerk op Empangeni te word. Reeds aan die begin van 1974 aanvaar hy 'n beroep na hierdie gemeente. Dit was 'n duidelike roeping en aanduiding uit die hand van die Here wat hy moes opvolg en gehoorsaam. Hier kon hy en Esmé die vyf kinders van sy swaer hulle eie maak, toe hulle sonder ouers agtergelaat is. En, met sewe kinders kon hulle inpas in 'n Kombi. Vir die gemeente was die verlies van die universiteit 'n wins. In Koos Smit het hulle 'n geliefde pastor gehad - 'n deurleefde mens wie se egtheid nie in 'n blink vernislagie vasgevang is nie. Vir elkeen wat op sy pad kom,





was hy toeganklik om elke keer met die diens van die Woord en gebede die pad enduit saam te loop. Hy was bereid om dit elke dag te doen. Sy rustige meelewendheid het vir lidmate ruimte geskep om aan te klop. En, elkeen van sy sewe kinders kon dit ook doen. Want sy gesin was die allernaaste aan hom.

Op Empangeni was dit 'n instelling om by die Zoeloegemeente te preek. So baie van hulle het by die pastorie kom kers opsteek, kom hulp vra, kom kuier en gesoek na die weg van die lewe. 'n Toegeneentheid wat nie onderskeid maak nie het die pastorie 'n instapplek gemaak waar 'n mens warmte kon kry om saam te vat. Vir hom was die bediening, soos die waardige Eerwaarde destyds op Goedekeus dit vir hom uitgelê het, inderdaad omvattend. Sy omgang met die Woord, sy aanvoeling vir die evangelie en sy egte humorsin was 'n gawe van die Here waarmee hy soveel ander lewens aangeraak het.

Dr Koos Smit het, so intens bewus van sy eie gebrokenheid, die bediening en die opdrag daarvoor steeds uit die hand van die Vader ontvang. Sonder die inset van sy vrou, sou dit 'n kenmerkende entoesiasme en werksaamheid gemis het. Sy het soveel keer gemeentelede geïnspireer, saam laat werk, projekte aangepak, maar, aldeur op die agtergrond gebly. So het sy haarself gegee, en die bediening rigtinggewend gedeel. Empangeni het vir hulle 'n mooi tydperk van hulle lewens geword. Wat diep in die hart 'n merk gemaak het. Vandag nog hoor 'n mens hulle daaroor praat. Daar het die dominee ook nog die geleentheid gehad om 'n keer of wat by die viswaters anker te gooi. En in Zoeloeland kon hy nog in die jagveld op die ou spore van Matambo loop.

Weer sou daar 'n wending kom. Dr Smit word genomineer as professor in Sendingwetenskap vir die nuwe Fakulteit van Teologie aan die Vrystaatse Universiteit. Die beroep daarheen is weer 'n roeping wat opgevolg moet word. Op 1 Julie 1980 word hy aangestel, saam met sy eertydse vriend Mauritz Kloppers, wat vir Ou Testament beroep is. Met die taak om 'n nuwe departement te vestig en uit te bou. Daarin kon hy aan sy leeropdrag 'n selfstandige vervulling gee. Dit het hy gedoen in verband met die kerk, en veral met die Vrystaatse Kerk se Sendingkommissie. Daarin het hy saamgewerk met ds DS Snyman, en later in ds LM Erasmus, die nuwe sendingsekretaris, 'n geesgenoot gevind. Die verwondering oor die barmhartigheid van die Vader van ons Here Jesus Christus, en die feit dat 'n mens nie daaroor uitgepraat kon raak nie, was vir hom nader aan die hart van die sending as

die metodes, of die beplanning en strukturering daarvan. Hy toon dat hy in die tradisie staan van die oortuiging dat die diens van die Here Jesus ook persoonlike toewyding en 'n heilige ywer inhou vir die verlossing van andere. Dit is omdat die genade van God hom oorweldig het, dat sy "Sendingwetenskap", en die akademiese beoefening daarvan, altyd in verband met die Koning, sy Ryk en sy volk gebring is.

So het die bediening van die dosent in Sendingwetenskap steeds in verantwoording aan die Koning na vore gekom. Sonder pretensies, en op die eenvoudige manier waarvan die Bybel praat, wou hy gehoorsaam bly aan die groot Herder van die volk van die Here. Ongetwyfeld het hy 'n stempel afgedruk op die teologiese denke binne die Fakulteit. En, 'n eie aanslag gehad wat die sending van die Kerk in die Vrystaat beïnvloed het. Dit spreek vanself dat hy aan sy studente iets oorgedra het van sy verwondering oor die genade van die Vader. Daarvoor kan hulle hom nooit dankbaar genoeg wees nie. Van sy invloed en benadering kon hulle hulle nie losmaak nie. Selfs die mondelinge eksamens was vir die studente dikwels die geleentheid om tot begrip te kom as hy sake vraagstellend deurgepraat het.

Weer het sy vrou op haar eie nederige en minsame manier by hom ingehak. Self het sy aan die universiteit in Bybelkunde gedoktoreer, hoewel niemand dit eintlik geweet het nie. Rustig en ondersteunend het sy hom die volle ruimte gegee om sendeling en professor te wees. Sy het sy lewe met hom gedeel, maar nooit daarin oorgeneem nie. Tog het sy dit ook nie uit haar hand laat gaan nie. So dikwels het sy hom gehelp om homself nie in 'n tikkie verstrooidheid vas te draai nie.

Calvyn het êrens die opmerking gemaak dat ons 'n groot en 'n klein roeping het. Die groot roeping is daardie roeping van God om in Jesus Christus aan Hom gehoorsaam te word. Die klein roeping is die beroep waarin ons elke dag staan. In die beroep moet ons dan christene wees. In 'n kantaantekening hierby sê Overduin dat ons die twee so maklik omruil. Dit is so gerieflik om op te gaan in wat ons sien as ons groot roeping, terwyl die eintlike groot roeping op die agtergrond skuif en die klein roeping word. Vir prof Koos Smit het die klein roeping 'n roeping gebly in diens van die groot roeping. As akademikus het hy dominee en sendeling gebly, gevange in die diens van die Meester. Sondag vir Sondag het hy en sy vrou immers na die groot Pelenomi hospitaal by Bloemfontein gegaan om die Woord te bedien.

Die Zoeloemense was reg. Hy is een wat met diep gedagtes kom. Ons





wat in die Fakulteit agterbly, sien nog die spoor wat hy (en sy vrou) hier getrap het, luister nog na die woord wat hy (en sy) hier gespreek het, sit nog by die vuur wat hulle gepak het.

Ons eer u.

Hamba kahle! Isiḥamfu!